basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2017

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**DIE LEWE IS NIE NET *ROSE EN ROOMYS* NIE**

1 In 'n interessante gesprek wat Riana Scheepers verlede jaar op die Woordfees met die kosboekskrywer en bekroonde sjef Reuben Riffel gevoer het, het sy hom gevra wat die een ding is wat hy elke kind in Suid-Afrika toewens.

2 Ek het stilletjies gedink sy antwoord sou " 'n goeie bord kos elke dag" wees, maar sy antwoord was: deursettingsvermoë (of *grit*, soos hy dit noem). Dié briljante kok, gewilde geleentheidspreker, TV-persoonlikheid, eienaar van gesogte restaurante en suksesvolle sakeman weet (anders as Jan Alleman) dat talent, passie en kreatiwiteit alleen nie sukses waarborg nie, maar dat kinders baie meer van *deursettingsvermoë* en *vasbyt* moet weet as hoe om dit te spel.

3 Janet Yellen, voorsitter van die Federale Reserweraad van Amerika, het 'n soortgelyke boodskap aan skoolverlaters in Amerika gegee: Sukses word nie deur jou vermoëns bepaal nie. Net deur harde werk, toewyding om langtermyndoelwitte te bereik en onwrikbare vasbyt wanneer daar terugslae is, leer jy dat die lewe nie net rose en roomys is nie.

4 Dus, sowel Riffel as Yellen beklemtoon die waarde van deursettingsvermoë, wat saamgevat kan word as, onder andere, moed, taaiheid, veerkragtigheid, integriteit en volharding, maar ook selfdissipline.

5 Die sielkundige, Gerard Mischel, het die malvalekker-eksperiment gebruik om die waarde van selfdissipline by kinders te bewys. Kinders moes vir 'n tweede malvalekker wag voordat hulle die eerste een kon eet. Dié wat die selfdissipline gehad het om nie dadelik die eerste malvalekker te eet nie, het die vreugde van beloning – twee lekkers – ervaar! Statistiek bewys dat hierdie kinders, wat oor deursettingsvermoë beskik, beduidend beter op skool vaar en later meer suksesvol is.

6 Bogenoemde kundiges word ondersteun deur die bevindings van prof. Andy Harrods van Unisa: mense het tien jaar van harde werk of oefening in enige veld nodig om 'n meester te word, die sogenaamde tienjaarreël. Die twee eienskappe wat hy by hoogs suksesvolle mense geïdentifiseer het, is selfdissipline om toegewyd aan 'n taak te wees – en om vas te byt wanneer probleme opduik. Hy definieer die twee eienskappe as deursettingsvermoë en beskou dit as 'n beter voorspeller van sukses as IK, passie of talent.

Kopiereg voorbehou

7 Prof. Carol Beck van die Stanford Universiteit het Harrods se navorsing verder gevoer. Sy het bevind dat leerders met 'n groeimentaliteit meer deursettingsvermoë ontwikkel as dié met 'n wenmentaliteit omdat die belangrikste vraag vir hulle is: Watter foute het ek gemaak? Wat het ek daaruit geleer? Wat sal ek volgende keer anders doen? Ongelukkig gebeur presies die teenoorgestelde in die moderne samelewing. Die moderne samelewing meet sukses aan: "Het jy vandag gewen?" Dit is om van te huil.

8 Leerders met 'n groeimentaliteit besef dat hul breine telkens sterker word wanneer hulle met moeilike opdragte sukkel. Hulle kanse op uiteindelike sukses is soveel beter omdat hulle weet dat hulle, volgens Beck, 'n "werk in wording" is.

9 Suid-Afrika het, wat deursettingsvermoë betref, geweldige uitdagings.

10 In Suid-Afrika leef 'n groot persentasie hoë-risiko-kinders sonder 'n groeimentaliteit. Hulle bevind hulle daagliks in 'n oorlewingstryd vanweë baie struikelblokke wat deursettingsvermoë 'n vae droom maak. Die afwesigheid van kwaliteitverhoudinge met ondersteunende volwassenes wat kinders leer om teleurstellings te verwerk, vas te byt en gefokus te bly, lei tot 'n gebrek aan deursettingsvermoë.

11 Aan die ander kant van die spektrum toon navorsing deur die sielkundige, Dan Kindlon, dat daar kinders met sogenaamde helikopterouers is. Helikopterouers hang soos 'n helikopter bo hul kinders en wil nie hê hul kinders moet sukkel of mislukkings beleef nie. Die sielkundige kom tereg tot die gevolgtrekking dat ouers se oorbeskerming van hul kinders die ontwikkeling van moed, selfdissipline en vasbyt – deursettingsvermoë – verhinder. Die ironie is dat ouers wat hul kinders se lewens te maklik wil maak, hulle daardeur benadeel en hulle 'n agterstand gee. Indien kinders van jongs af in watte toegedraai word, gaan hulle nie die stampe van die lewe kan hanteer en ná teleurstellings en krisisse veerkragtig kan terugbons nie. Uiteindelik ervaar sulke kinders nié die lewe se rose en roomys nie.

12 Hoe kan ons deursettingsvermoë in kinders ontwikkel?

13 Fokus minder op prestasies en meer op karakter. Ontwikkel karaktereienskappe wat kinders in staat stel om hul beste werk te lewer: selfdissipline, deursettingsvermoë, hardwerkendheid, verantwoordelikheid en 'n innerlike taaiheid om vas te byt wanneer planne skeefloop en mislukkings voorkom. Swaarkry kweek karakter!

14 Wanneer ouers toelaat dat kinders self probeer, mislukkings beleef en wéér probeer, terwyl die ouers steeds ter ondersteuning op die agtergrond is, leer kinders dat deursettingsvermoë die geheim van sukses is. Karakter word gebou in die fyn balans tussen ondersteuning en selfstandige besluitneming waar kinders nie deur uitdagings oorweldig word nie, maar ook nie teen elke teleurstelling beskerm word nie.

15 Die lewe is nie net rose en roomys nie! Maar meer murg in ons pype maak die rose en roomys ook meer!

[Bron: *Die Burger*, 5 Augustus 2016]

## TEKS B: VISUELE TEKS




[Bron: *Beeld*, 11 September 2015]

## VRAE: TEKS A

1.1 Waarom tree Reuben Riffel by die Woordfees op? (1)

1.2 Hoekom het die skrywer juis " 'n goeie bord kos elke dag" as antwoord verwag? (1)

1.3 Van watter wanopvatting van die publiek oor sukses verskil Reuben Riffel? Dink jy Reuben Riffel is 'n geloofwaardige bewys van sukses? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (3)

1.4 Waarom, dink jy, gee Janet Yellen hierdie boodskap aan skoolverlaters? In watter opsig sluit "rose en roomys" by Yellen se boodskap aan? (2)

1.5 Watter DRIE eienskappe, volgens paragraaf 3, ontbreek by 'n sukkelende sakeman/-vrou wat sy/haar onderneming na slegs twee jaar wil verkoop? (3)

1.6 In watter opsig hou die malvalekker-eksperiment met die waarde van selfdissipline verband? (1)

1.7 Watter ooreenstemmende siening ten opsigte van deursettingsvermoë huldig professor Andy Harrods en Janet Yellen? (1)

1.8 Herlees paragraaf 7.

Dink jy skole behoort oor 'n groeimentaliteit of 'n wenmentaliteit te beskik? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

1.9 Wat bedoel die skrywer met 'n "werk in wording" in paragraaf 8? (1)

1.10 Watter VIER faktore beperk die ontwikkeling van deursettingsvermoë by kinders? (4)

1.11 "Die ironie is dat ouers wat hul kinders se lewe te maklik wil maak, hulle eintlik daardeur benadeel en hulle 'n agterstand gee." (Paragraaf 11)

Is die stelling hierbo 'n feit? Motiveer jou antwoord. (1)

1.12 Wat is die gevolg daarvan as ouers hul kinders ondersteun, maar ook toelaat om selfstandig besluite te neem? (1)

1.13 Wat is die verband tussen die onderstreepte frases in paragraaf 15 binne konteks van dié paragraaf? Noem TWEE maniere wat die skrywer gebruik om "rose en roomys" in die teks te beklemtoon. (3)

**VRAE: TEKS B**

1.14 Watter visuele aanduiding gee die teks dat die pratende hond nie oor deursettingsvermoë beskik nie? (1)

1.15 Herlees SPRAAKBORREL 2.

Waarom oordryf die pratende hond so wanneer hy van die skape praat? Hoekom is die hond se woorde ironies? (2)

1.16 Herlees RAAMPIE 3 van TEKS B.

Dink jy die muis, regs onder in die hoek van die spotprent, se woorde is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.17 Die spotprent (TEKS B) bewys dat Janet Yellen en prof. Carol Beck se sienings oor sukses (TEKS A) die waarheid is.

Motiveer hierdie stelling deur na onderskeidelik Beck én Yellen te verwys. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE geleenthede/aktiwiteite wat jy tydens die meertaligheidsfees in Johannesburg en Soweto kon bywoon**.

**LET WEL:**

- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om die opsomming 'n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

### TEKS C

**TALE MAAK SAAK**

Tale op die skoolterrein, in die klaskamer en werkplek maak saak. Dit was die boodskap van al die sprekers by die vele geleenthede van vanjaar se meertaligheidsfeesviering in Johannesburg. Die fees, ter bevordering van meertaligheid, bewys prof. Marné Pienaar se leuse, naamlik dat doen beter as praat is.

Die verrigtinge het in Soweto afgeskop met 'n middagete by die gewilde Sakhumzi-restaurant, waarna die gaste tydens die amptelike openingsgeleentheid op die feesterrein deur prof. Mbulungeni Madiba (voorsitter van panSAT) toegespreek is. Hy het gesê dat daar nie genoeg gedoen word ter bevordering van al Suid-Afrika se amptelike tale nie. Meertaligheid in al sy fasette moet beklemtoon word om die groei van Afrikaans te verseker. Sy toespraak is opgevolg met 'n werkswinkelgesprek, waartydens prof. Farid Esack, hoof van Godsdiensstudies by UJ, gewys het op die rol van Afrikaans in nasiebou en versoening. Hy is oortuig dat Afrikaans nie die taal van die onderdrukker is nie, aangesien hy, aan die hand van sy eie lewensverhaal, weet dat die *struggle* ook in Afrikaans gevoer is. Dit maak Afrikaans 'n bevrydingstaal.

Die program was vol: 'n verskeidenheid aktiwiteite op verskillende plekke het mekaar opgevolg. 'n Talethon – 'n meertalige vasvrakompetisie vir gr. 9-leerders – is daarna by UJ gehou. Die doel van hierdie kompetisie was om deelnemers met meer as een taal vertroud te maak en om 'n liefde vir ons land se verskeidenheid tale te ontwikkel. Die kompeteerders moes Afrikaans, Zoeloe en Sotho gebruik.

Daar is terselfdertyd 'n inligtingsessie vir hoërskoolleerlinge oor die waarde en noodsaaklikheid van meertaligheid in loopbane gehou. Die moontlikhede wat taalstudie vir 'n loopbaan in die akademie bied, die rol van taal in godsdiens en die waarde van meertaligheid vir onderwysers, tolke, skrywers, ingenieurs en joernaliste is beklemtoon. By 'n dinkskrum is onderwysers die geleentheid gegee om oor uitdagings met betrekking tot meertaligheid in die klaskamer te gesels; die sessie is benut om by en van mekaar te leer.

Daarna is die deelnemers per bus na Soweto geneem sodat hulle skole kon besoek. Só kon hulle eerstehands ervaar hoe Afrikaans in die praktyk onderrig word.

Hierdie feesvieringe is deur die ATKV, UJ en die werkgroep vir Afrikaans-in-Soweto aangebied.

[Bron: *Taalgenoot*, Lente 2015]


**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




7 Amanda Strydom | Sandra Prinsloo
8 Tobie Cronjé | June van Merch
9 Jana Strydom | Churchill Naudé
10 en nog vele meer!

11 4–9 OKTOBER 2016 | aardklop
12 ÓNS HART KLOP KUNS

13 **Laai die app gratis af**
14 **Laat die <u>aard' klop</u>**

15 Bly op die hoogte van al die nuus en <u>feeswenke</u>.
16 Beskikbaar vir alle Apple- en Android-slimfone
17 onder die naam Aardklop.

18 <u>Die dagprogram kan ook op die app gekry word</u>. ÓNS HART KLOP TEGNOLOGIE

[Verwerk uit http://www.potchfees.co.za]

3.1 Wat is die funksie van die beletselteken/ellips in reël 1–6? (1)

3.2 Watter konnotatiewe betekenis, binne die konteks van die advertensie, kan aan die woorde in reël 1–6 geheg word? (1)

3.3 Gee die korrekte vorm van die deelwoord tussen hakies:

Ek is (gaan) oor die kunstenaars wat by Aardklop optree. (1)

3.4 Skryf die onbepaalde hooftelwoord in reël 7–11 neer. (1)

3.5 Lees reël 13–14.

Watter woord gebruik die adverteerder om die feesganger te oorreed om die app af te laai? (1)

3.6 Skryf die leenwoord uit reël 13–14 neer. (1)

3.7 Waarom gebruik die adverteerder juis die onderstreepte woorde in reël 14? (1)

3.8 Waarom is die onderstreepte woord in reël 15 'n samestellende afleiding? (1)


3.9 Herskryf die onderstreepte sin in reël 18 in die bedrywende vorm. (1)

3.10 Watter woord in reël 18 dui op partydigheid? (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENTE

Lees en kyk na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS E






[Bron: www.netwerk24.com]

4.1 Skryf die diftong neer wat in SPRAAKBORREL 1 voorkom. (1)

4.2 Verbind die sinne in SPRAAKBORREL 1 en SPRAAKBORREL 4 met die voegwoord "aangesien". Begin jou sin met: Aangesien ... (1)

4.3 Hoe word tieners in SPRAAKBORREL 4 gestereotipeer? (1)

4.4 Skryf die bywoordelike bepaling van wyse neer wat in SPRAAKBORREL 6–7 voorkom. (1)

4.5 Herskryf die sin in SPRAAKBORREL 10 in die verlede tyd. (1)

4.6 Benoem die klankverskynsel wat in die onderstreepte woord in SPRAAKBORREL 11 voorkom. (1)

4.7 Watter betekenis dra "dalk" in SPRAAKBORREL 12 oor? (1)

4.8 Watter afleiding behoort Zitts uit sy ma se woorde in SPRAAKBORREL 13 te maak? (1)

4.9 Gee die intensiewe vorm vir die onderstreepte woord in SPRAAKBORREL 14. (1)

4.10 Voltooi die idioom deur die ontbrekende woord in te vul:

In SPRAAKBORREL 18 suggereer Ma: Oor my dooie ... (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

### TIENERS IS NEGE UUR PER DAG AANLYN – OPNAME

1 As jy een van daardie ouers is wat byvoorbeeld daarvan oortuig is dat jou tiener aan 'n selfoon of rekenaarskerm vasgeplak is, is jy nie ver van verkeerd nie.

2 Tieners bestee gemiddeld nege uur elke dag aanlyn – agt uur en 56 minute om presies te wees.

3 Dít blyk uit 'n opname deur Common Sense Media, 'n organisasie wat gesinne help om die veilige gebruik van media en tegnologie onder kinders te bewerkstellig.

4 En daardie nege uur sluit nie enige skoolwerk in nie.

5 Tienerseuns bestee die meeste van hul tyd aan aanlyn videospeletjies, terwyl jy tienermeisies eerder (5.6) … sosialemediaplatforms sal vind.

6 Dit is in ooreenstemming met een van die opname se oorhoofse bevindings dat daar 'n groot verskil is in hoe seuns en meisies media gebruik. Ekonomiese status speel ook 'n rol in hoe en watter media gebruik word.

7 Dit blyk ook dat meer tradisionele media (soos TV en musiek) steeds gewilder is as nuwe media en formate wat aanlyn videospeletjies insluit. Dié tradisionele media word egter op nuwe maniere gebruik, soos met stromingsdienste.

8 Onder die ander bevindings tel dat tieners gereeld aanlyn besig is terwyl hulle hul skoolwerk doen – veral op sosiale media – en dat hulle nie dink dít het 'n negatiewe invloed op hul leerproses nie.

[Bron: http://www.netwerk24.com]

5.1 Skryf die kern van die onderstreepte woord in paragraaf 1 neer. (1)

5.2 Gee EEN woord vir die onderstreepte woorde in paragraaf 2. (1)

5.3 Skryf die koppelwerkwoord neer wat in paragraaf 3 voorkom. (1)

5.4 Waarom word die onderstreepte Engelse woorde in paragraaf 3 nie in Afrikaans vertaal nie? (1)

5.5 Brei die onderstreepte woord in paragraaf 4 met 'n bysin uit. Skryf die sin in paragraaf 4 oor en onderstreep die bysin wat jy ingevoeg het. (1)

5.6 Skryf die voorsetsel neer wat in paragraaf 5 ontbreek. (1)

5.7 Gebruik die onderstreepte woord in paragraaf 6 as 'n werkwoord in 'n sin van jou eie sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

5.8 Vervang die onderstreepte woord in paragraaf 7 met 'n gepaste antoniem. (1)

5.9 Watter funksie verrig die parentese in paragraaf 7? (1)

5.10 Waarna verwys die onderstreepte woord in paragraaf 8? (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**NOVEMBER 2017**

**NASIENRIGLYNE**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir hierdie eksamen geld die volgende nasienriglyn:
  Indien die kandidaat van ’n kolpunt gebruik maak, benader soos volg:
  - Sien die eerste antwoorde (vertikaal of horisontaal) na, ongeag die kolpunte.
  - Indien die vraag byvoorbeeld, VIER punte tel, en al vier antwoorde word by die eerste kolpunt gegee, word al vier antwoorde aanvaar.
  - Indien daar in so ’n geval vier kolpunte is, en die eerste kolpunte bevat ’n verkeerde antwoord, kan die antwoorde by die tweede/derde/vierde kolpunt aanvaar word.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | Hy is 'n (kosboek-) skrywer. √ | 1 |
| 1.2 | Riffel is 'n sjef./kok./werk met kos./skryf oor kos.<br>Suid-Afrika het baie arm/honger kinders wat 'n bord kos sal waardeer. √ | 1 |
| 1.3 | Talent, passie en kreatiwiteit alleen is genoeg om sukses te behaal./'n Mens hoef niks meer te doen as jy talent, passie en kreatiwiteit het nie. √<br><br>*Die kandidaat moet “talent, passie én kreatiwiteit” in die antwoord aanbied.* | 1 |
| | Ja<br>Reuben Riffel is die eienaar van 'n gesogte restaurant./is gewild as geleentheidspreker./word as 'n TV-persoonlikheid gereken./het toekennings verwerf wat op sukses dui./se sukses is in sy veelsydigheid geleë./is 'n suksesvolle sakeman./bekroonde skrywer./bekroonde sjef. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE motiverings vir EEN punt elk aan.*<br>*Binne konteks van die teks is NEE nie aanvaarbaar nie.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.4 | Skoolverlaters staan aan die begin van hul loopbane/'n nuwe lewensfase waar hulle deursettingsvermoë/harde werk/toewyding tot hul sukses bydra./ teleurstellings wat hulle gaan beleef, nie hulle uiteindelike sukses gaan bepaal nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan. Sien betekenis na.*<br><br>**EN**<br><br>As iemand hard werk, sal hy/sy rose en roomys kry./Die skoolverlaters gaan nie net sukses behaal nie, maar ook terugslae/mislukkings beleef/foute begaan wat met deursettingsvermoë oorkom kan word. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan vir EEN punt. Sien betekenis na.* | 1<br><br>1 |
| 1.5 | harde werk √<br>toewyding √<br>(onwrikbare) vasbyt/deursettingsvermoë √<br><br>*Indien die kandidaat die eienskappe opnoem, kan dit slegs bogenoemde woorde wees. Indien die kandidaat die antwoord in die negatief aanbied, bv. Hy/Sy werk nie hard nie,* ***moet*** *die eienskappe in volsinne aangebied word. Bv.:*<br>*Hy/Sy werk nie hard nie. √*<br>Hy/Sy is nie toegewyd (om langtermyndoelwitte te bereik) nie. √<br>Hy/Sy het nie die vermoë om vas te byt (as hy/sy 'n terugslag kry) nie. √ | 3 |
| 1.6 | Die kinders wat selfdissipline aan die dag gelê het (om nie die malvalekker te eet nie), het sukses behaal/'n tweede malvalekker ontvang./<br>Dit wys die waarde/rol wat selfdissipline in sukses/realisering van langtermyndoelwitte speel./<br>Dit bevestig dat kinders met deursettingsvermoë groter sukses behaal./ beloning kry./Dit dui die verband tussen selfdissipline en sukses/beloning aan. √<br><br>*In die aanbieding van die antwoord moet die kandidaat selfdissipline aan sukses/beloning/beter vaar koppel.* | 1 |
| 1.7 | Albei die persone is van mening dat harde werk/toewyding langtermyndoelwitte laat realiseer./Albei sê dat sukses behaal word deur vas te byt/deursettingsvermoë wanneer daar probleme is./Albei is van mening dat sukses nie deur vermoëns verseker word nie.<br><br>*Die kandidaat hoef nie die woord "albei" te gebruik nie, solank die* ***ooreenstemmende siening*** *in die antwoord aangebied word.* | 1 |
| 1.8 | 'n Groeimentaliteit:<br>'n Groeimentaliteit dra tot die ontwikkeling van deursettingsvermoë by./is nodig om sukses op skool en in die lewe te behaal.<br>Iemand wat leer uit die foute wat begaan word (soos wat op skool die geval is), behaal uiteindelik sukses. √√ | |

| | | |
|---|---|---|
| | **OF**<br><br>'n Wenmentaliteit:<br>'n Wenmentaliteit verseker oorlewing in 'n kompeterende samelewing.<br>'n Skool wat oor 'n wenmentaliteit beskik, kweek wenners/die wengedagte wat tot die sukses van die skool bydra . √√<br><br>*Die kandidaat bied binne konteks TWEE soortgelyke motiverings vir EEN punt elk aan.*<br>*Die antwoord moet na aanleiding van paragraaf 7 aangebied word.* | 2 |
| 1.9 | "Werk in wording" verwys na iemand wat 'n groeimentaliteit het./wat hom-/haarself vra watter foute gemaak is./wat uit foute wat begaan is, leer./iemand wat op pad is om beter/sterker/groter/suksesvoller te word./wat besig is om te ontwikkel./te verbeter./wat groei na volwassenheid./sukses. √ | 1 |
| 1.10 | Skole/ouers/kinders se wenmentaliteit./is op prestasie gefokus.<br>Skole/ouers/kinders het 'n gebrek aan 'n groeimentaliteit.<br>Die stryd om te oorleef/Struikelblokke wat kinders beleef.<br>Afwesigheid van kwaliteitverhoudinge.<br>Volwassenes wat kinders nie leer om teleurstellings te verwerk nie. Volwassenes wat kinders nie leer om gefokus te bly nie./vas te byt nie.<br>Helikopterouers/Oorbeskermende ouers √√√√<br><br>*Die kandidaat bied VIER antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 1.11 | Ja<br>Die navorsing (van 'n sielkundige/deskundige/Dan Kindlon) het dit bewys. √ | 1 |
| 1.12 | Die kinders leer dat deursettingsvermoë die geheim van sukses is./ontwikkel karakter. √<br><br>*Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord binne konteks vir EEN punt aanbied.* | 1 |
| 1.13 | Murg in jou pype verseker rose en roomys./As jy deursettingsvermoë openbaar, sal jy die mooi en lekker van die lewe ervaar. √<br><br>*Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord binne konteks vir EEN punt aanbied.*<br><br>Daar vind woordspeling met die uitdrukking "maanskyn en rose"/variasie van die idioom plaas.<br>Herhaling (van die titel)/in paragraaf 3, 11 en 15./in die slotparagraaf.<br>Alliterasie/herhaling van die *r* in die sin.<br>Assonansie/herhaling van die *o* in die sin.<br>Daar word 'n uitroepteken gebruik.<br>Die teks word met die woorde/tekstitel afgesluit.<br>Die woorde word kursiveer in die titel. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.14 | Die pratende hond se gesigsuitdrukking/lyftaal/hangende skouers/ afwaartsgerigte oë/een hangende oor √ | 1 |
| 1.15 | Hy probeer hulle verontskuldig./soek die rede vir hulle swak vertoning by iets/iemand anders./wil hulle nie in te 'n swak lig stel nie. √<br><br>'n Mens sou verwag dat skape vir (skaap-) honde bang sou wees; hier is die teendeel waar: die (skaap-) honde was bang vir die skape./<br>Skape kan honde nie byt nie/kan nie aggressief teenoor honde optree nie, terwyl die honde wat tande/aggressie behoort te hê, bang was vir (weerlose) skape. √<br><br>*Vir ironie moet beide kante van die saak vir EEN punt aangebied word.* | 1<br><br>1 |
| 1.16 | Ja<br>Die honde het niks in Skotland uitgerig nie./het onverrigter sake teruggekeer./ het nie presteer nie./kon nie iets bereik nie./<br>Woordspeling met honde maak dit baie gepas. √<br><br>*Sien betekenis na.* | 1 |
| 1.17 | Die honde is nie bereid om weer en weer te probeer nie/vas te byt om langtermyndoelwitte te bereik nie – dit sluit aan by wat Janet Yellen vir skoolverlaters gesê het./openbaar nie selfdissipline/toewyding om langtermyndoelstellings te bereik nie./het nie onwrikbare vasbyt nie. √<br><br>Hierdie honde het 'n wenmentaliteit in plaas van 'n groeimentaliteit./het nie deursettingsvermoë nie omdat hulle 'n wenmentaliteit besit, soos Beck se navorsing bewys./Hulle probeer nie uit hulle foute leer om te groei nie. √<br><br>*Die kandidaat moet Janet Yellen se siening oor sukses noem en dit op die honde van toepassing maak vir EEN punt.*<br>*Die kandidaat moet prof. Carol Beck se siening oor sukses noem en op die honde van toepassing maak vir EEN punt.*<br>*Die kandidaat kan ook Janet Yellen én prof. Carol Beck se standpunt gesamentlik aanbied en dit dan op die hond van toepassing maak vir TWEE punte.* | 1<br><br>1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming**

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs geleenthede/aktiwiteite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste aktiwiteite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

Die fees is afgeskop met 'n middagete in Soweto. Die opening is deur prof. Mbulungeni Madiba behartig. Daarna het prof. Esack die rol van Afrikaans in nasiebou en versoening in 'n werkswinkelgesprek toegelig. Die program is voortgesit met 'n talethon by UJ. Hierna het hoërskoolleerlinge inligting ontvang oor die rol van meertaligheid by loopbaankeuses. Toe was dit tyd vir onderwysers om oor uitdagings ten opsigte van meertaligheid in klasse te praat waarna die fees afgesluit is met 'n bustoer na Soweto om die onderrig van Afrikaans in skole te beleef.

**Getal woorde: 90**

**OF**

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | *... **afgeskop met 'n middagete** by die gewilde Sakhumzi-restaurant ...* | A | Die fees is afgeskop met 'n **middagete** in Soweto. |
| 2 | *... waarna die gaste deur prof. Mbulungeni Madiba (voorsitter van panSAT) tydens **die amptelike openingsgeleentheid op die fees toegespreek** is.* | B | Die **opening** is deur prof. Mbulungeni Madiba behartig. |
| 3 | ***... 'n werkswinkelgesprek** waartydens prof. Farid Esack, hoof van Godsdiens-studies by UJ, gewys het op die **rol van Afrikaans** in nasiebou en versoening.* | C | Daarna het prof. Farid Esack die rol van Afrikaans in nasiebou en versoening in 'n **werkswinkelgesprek** toegelig. |
| 4 | ***'n Talethon** – **'n meertalige vasvrakompetisie** vir gr. 9-leerders – is daarna by UJ gehou.* | D | Die program is voortgesit met 'n **talethon/meertalige vasvrakompetisie** by UJ. |
| 5 | *… **'n inligtingsessie vir hoërskoolleerlinge** oor die waarde en noodsaaklikheid van meertaligheid in loopbane gehou.* | E | Hierna het hoërskoolleerlinge **inligting** ontvang oor die rol van meertaligheid by loopbaankeuses. |
| 6 | *By 'n **dinkskrum is onderwysers** die geleentheid gegee om oor uitdagings met betrekking tot meertaligheid in die klaskamer te gesels.* | F | Toe was dit tyd vir onderwysers om by ’n **dinkskrum** oor uitdagings ten opsigte van meertaligheid te praat. |
| 7 | *Daarna is die deelnemers **per bus na Soweto sodat hulle skole kon besoek.*** | G | Die fees is afgesluit met 'n bustoer **na skole** (om die onderrig van Afrikaans in skole te beleef.) |
| | | | **Getal woorde: 89** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die *betekenis* van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Dit dui aan dat 'n gedeelte/die laaste deel (van die idioom) weggelaat is./Die idioom/sin/gedagte is onvoltooid./Dit stem die leser tot nadenke oor wat by die fees gebeur. √ | 1 |
| 3.2 | Aardklop bied baie vermaak/gaskunstenaars/kuns wat die feesgangers interessant sal vind./<br>Daar kan baie oor Aardklop gesê word./<br>Aardklop het interessante gebeure wat (met die leser) gedeel word. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie gepaste antwoord aan. Neem die betekenis van die idioom in ag: Mense praat maklik wanneer iets hulle interesseer.* | 1 |
| 3.3 | gaande/Ek is gaande oor die kunstenaars wat by Aardklop optree. √ | 1 |
| 3.4 | "vele" √<br><br>*Indien die kandidaat "vele meer" as antwoord aanbied, moet die woord vele onderstreep word.* | 1 |
| 3.5 | "gratis" √ | 1 |
| 3.6 | "app" √ | 1 |
| 3.7 | Beklemtoon/Sluit aan by die naam Aardklop./die (kloppende) atmosfeer wat by die fees heers./<br>Die elisie/weglating van die "e" by die woord "aarde" versterk die polsende feesgedagte./<br>Die woorde dui op woordspeling met 'n hart wat klop. √ | 1 |
| 3.8 | Die woord bestaan uit meer as een basis/stam en 'n agtervoegsel/fleksiemorfeem/morfeem/affiks/suffiks. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.9 | Die feesgangers/Hulle/Ek/Die mense kan ook die dagprogram op die app kry./ Die mense kan die dagprogram ook op die app kry./Op die app kan jy/hulle/ ek/die mense ook die dagprogram kry. √<br><br>*Die woord "ook" moet in die antwoord voorkom.* | 1 |
| 3.10 | "Ons" √ | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: STROKIESPRENTE**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | y/My √ | 1 |
| 4.2 | Aangesien my rekenaar nie werk soos dit moet nie, het my wêreld tot 'n einde gekom. √<br><br>*Die komma moet in die sin voorkom.* | 1 |
| 4.3 | Tieners is baie/oormatig afhanklik van tegnologie./<br>Die tieners se lewens wentel om tegnologie./rekenaars./<br>Tieners reageer dramaties op krisisse in hul lewe./oorreageer op alledaagse probleme./oordryf.<br>Tieners wil aandag geniet./hê./<br>Tieners is egosentries./selfsugtig. √ | 1 |
| 4.4 | "vanself" √ | 1 |
| 4.5 | Miskien moes jy nie drie goed op een slag gedoen het nie./doen nie.<br>Miskien moes jy drie goed nie op een slag gedoen het nie. √ | 1 |
| 4.6 | (algehele) assimilasie/klankgelykmaking √ | 1 |
| 4.7 | (Dit dui op) onsekerheid./'n moontlikheid./'n mening √<br><br>*'n Soortgelyke antwoord kan aangebied word.* | 1 |
| 4.8 | (Sy ma wil hê) Zitts moet net een ding op 'n slag (op sy rekenaar) doen./sy huiswerk sonder ander steurnis(-se) doen. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.9 | broodnodig √<br><br>*Die antwoord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 4.10 | Oor my dooie liggaam./liggaam √ | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | skerm √ | 1 |
| 5.2 | daagliks √<br><br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 5.3 | "blyk" √ | 1 |
| 5.4 | (Dit is) eiename/name van maatskappye/organisasies. √ | 1 |
| 5.5 | *Die kandidaat bied 'n eie byvoeglike bysin aan, bv.*<br><br>En daardie nege uur <u>waarvan ek praat</u>, sluit nie enige skoolwerk in nie. √<br><br>*Indien die kandidaat nie die bysin onderstreep nie, mag net die bysin aangebied word en nie enige ander aspek, bv. bepalings nie.* | 1 |
| 5.6 | "op" √ | 1 |
| 5.7 | *Die kandidaat bied 'n eie sin met "rol" aan, bv.*<br><br>Die klip rol teen die berg af. √<br>Die vrou rol haar oë.<br>Ek hou daarvan om te ruk en rol.<br>Die rugbybal het oor die doellyn gerol. | 1 |
| 5.8 | Eietyds<u>e</u>/hedendaags<u>e</u>/modern<u>e</u>/kontemporêr<u>e</u>/nuwerwets<u>e</u> √ | 1 |
| 5.9 | Ekstra inligting ten opsigte van die tradisionele media word gegee./Die begrip "meer tradisionele media" word uitgebrei./Voorbeelde van tradisionele media word genoem. √<br><br>*Die antwoord moet met die konteks verband hou en kan nie generies aangebied word nie.* | 1 |
| 5.10 | Die "dit" verwys na die (gereelde) aanlyn aktiwiteite van tieners./sosiale media. √ | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou